Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

24 Julie 2020

Geagte ouers

Spesiale Omsendbrief
Vakansietydperk
Julie 2020

Dit is met 'n groot skok en teleurstelling dat ons verneem het dat die skool op so 'n kort kennisgewing moet sluit vanaf Vrydag, 24 Julie met onmiddellike effek. Wees verseker dat ons as personeel en beheerliggaam u woede en ongerief deel. Bottelstore het bottels in maar skole huisves kinders .

Laerskool Elspark sal dus gesluit wees vir Gr. 1-7 vanaf 24 Julie tot en met 12 Augustus. Indien die staat dit betwis sal ons u op hoogte hou.

LW. Hierdie 2 weke word gesien as vakansie vir die kinders daarom sal daar geen aanlynskool wees tot en met 12 Augustus 2020 nie.

Naskoolsentrum:
Gedurende hierdie tyd sal die naskoolsentrum normaal funksioneer vanaf 07:00-17:30, behalwe die 5de, 6de en 7de Augustus 2020, sal die sentrum gesluit wees.
Die sentrum open weer op Dinsdag, 11 Augustus. Ouers wie se kinders nie in die sentrum is wat in die vakansietyd probleme het om hul kinders op te pas kan Me. McKenzie e-pos oor die naweek by elna@elsies.co.za om reëlings te tref om u kinders by die naskool te huisves teen R50 per dag.

Vertrou u vind bogenoemde in orde. Indien daar enige onduidelikheid is skakel my asb. by 082 656 6038 of e-pos hoof@lselspark.co.za

Baie sterkte, geniet die vakansie saam met u kinders. Elspark bly steeds verbind tot diens vir ons ouers en kinders.

Bly veilig, bly gesond.

Groete,

W.F. Gericke
Skoolhoof